

Goddelike Genesing !

Wat sê die Bybel ?



Hand 3:6 Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!

Hand 3:7 **Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op**, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.

Hand 3:8 En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys.

Goddelike Genesing

Goddelike genesing kom van God af. Dit is bonatuurlik. Die Woord van God leer ons alles wat ons behoort te weet in verband met Goddelike genesing.

1Joh 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil.

1Joh 5:15 En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

Ons besef egter ook dat ons nie vir ewig in hierdie aardse liggaam kan voortbestaan nie. Die Skrif leer ons in Psa 90:10 Die dae van ons jare—daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar;

Maar ons glo nogtans dat dit die Here se wil is dat ons daardie jare in goeie gesondheid deurbring.

Toe die vrou met bloedvloeiing die HERE JESUS se kleed aanraak, het HY omgedraai en gesê: "Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het." Luk 8:46 Daardie krag was lewe. Dit was die krag wat mense genees het in die dae van SY aardse verblyf. Sommige het HOM aangeraak. Ander het HY weer aangeraak, terwyl HY party ook met 'n woord genees het.

Evangelis John Lake het toegelaat dat dokters 'n seun se gebreekte arm onder x-strale plaas terwyl hy vir hom bid. Tot hul verbasing het hulle 'n proses van genesing in 'n oomblik waargeneem, wat gewoonlik twee weke of meer neem om plaas te vind.

Goddelike genesing is nie raaiwerk nie. Dit is eg, dit is waar. Dit is die liefdevolle voorsiening van ons hemelse VADER. En omdat God SY kerk liefhet, het Hy ook voorsiening gemaak vir haar liggaamlike behoeftes deur middel van die gawe van genesing.

Die Bybel is God se laaste Testament waarin Hy al Sy beloftes aan Sy kinders verklaar. Aangesien dit Sy laaste, finale testament is, sal alles wat daarna bygevoeg word, bedrog wees. As genesing God se wil vir ons is, soos Sy Testament duidelik wys; sal ons Sy Testament verander, as ons sê dat Hy nie gewillig is om ALMAL te genees nie! Jesus is nie net ons Testateur wat gesterf het nie, maar Hy het weer opgestaan en is ook die Middelaar van daardie Testament. Hy sit aan die regterhand van God waar Hy vir ons intree.

Vir die kind van die HERE is goddelike genesing 'n werklikheid en dit is 'n onuitspreeklike voorreg om die hulp van die Groot Geneesheer te kan inroep.

Die WIL van die Vader

Jesus het gekom om die wil van God te openbaar en uit te leef.
Heb 10:7 Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom—in die boekrol is dit van My geskrywe—om u wil te doen, o God.

Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom [die Vader] wat My gestuur het.

Ons lees in die vier Evangelies, nl Matt, Mark, Luk en Joh hoe Jesus die wil van Sy Vader gedoen en uitgeleef het.

Luk 7:22 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig.

As U WIL

Mat 8:2 **en daar het 'n melaatse man gekom en voor Hom neergeval en gesê: Here, as U wil, kan U my reinig.**

Mat 8:3 Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig. En Hy is en bly dieselfde Jesus tot in alle ewigheid.

Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

Hy het ALMAL gesond gemaak

Mat 12:15 Toe Jesus dit bemerk, het Hy daarvandaan weggegaan, en groot menigtes het Hom gevolg, en Hy het hulle almal gesond gemaak,

Mat 14:35 En die manne van daardie plek het Hom herken en in daardie hele omtrek uitgestuur en almal wat ongesteld was, na Hom gebring;

Mat 14:36 en hulle het Hom gesmeek dat hulle net maar die soom van sy kled mag aanraak; en almal wat dit aangeraak het, het

gesond geword.

Luk 6:19 En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak.

Mat 8:16 En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, **wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe**; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, Mat 8:17 sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra. " Jes 53:4 700 VC "

Hierdie profesie van Jesaja is vandag nog van toepassing op die kinders van God. Jesus het ons krankhede en siektes op Hom geneem en genees vandag nog. Onthou altyd, u is ook ingesluit by hierdie 'ons' en God sal sy verbond eer en aanhou om almal te genees wat siek en swak is.

Psa 89:35 Ek sal my verbond nie onheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.

Titus 1:2 in die hoop van die ewige lewe **wat GOD, wat nie kan lieg nie**, van ewigheid af beloof het, **Num 23:19 (a) God is geen man dat Hy sou lieg nie;**

Genesing was vir elkeen in daardie dae, dit is ook vir elke kind van God vir vandag.

Luk 4:40 En toe die son ondergaan, het almal hulle siekes, mense met allerhande kwale, na Hom gebring, en Hy het een vir een van hulle die hande opgelê en hulle gesond gemaak.

DIT IS ALTYD GOD SE WIL OM JOU TE GENEES – As jy Sy voorwaardes nakom, en Sy wette en bevele uitvoer. Die enigste rede waarom so baie slagoffers van siekte vandag onder die Christene gevind word, is omdat HULLE NIE GLO WAT GOD Sê, en DOEN wat Hy beveel nie.

Exo 15:26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooe en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want **Ek is die HERE wat jou gesond maak.** [Jehova Rafa = Die Here wat jou gesondmaak; Die Geneesheer; Om alle soorte siektes gesond te maak.]

God gee geestelike gawes aan Sy kerk en dit word in 1Kor.12 verse 4 – 10 beskryf. Tussen hierdie gawes is die gawe van genesing en van wonderwerke. Waarom sal God hierdie gawes aan ons gee as Hy nie almal wil genees nie, want Hy is geen aannemer van die persoon nie en is nie partydig nie (Hand.10:34).

Genesing is deel van die Evangelie van ons Here Jesus Christus en moet aan die hele wêreld verkondig word, aan elke mens en dit sal effektief wees tot die voleinding van die wêreld. (Mark.16:15, Mat.28:20).

Mar 16:17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek,
Mar 16:18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.

Jakobus vra die vraag: "Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van `n regverdige het groot krag"(Jak.5:14-16)

Hierdie OPDRAGTE is nog nooit VERNIETIG, TERUGGETREK of UITGEKANSELEER nie. Dit is vandag nog net so geldig soos 2,000 jaar gelede.

Geloof

Goddelike genesing kan nie sonder geloof plaasvind nie. HY beweeg waar geloof na HOM reik.

Mar 9:23 En Jesus sê vir hom: Wat dit betref—as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.

Dis Skrif leer geloof kom deur die prediking van die Woord van GOD. Rom 10:17 Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

Wanneer ons siek is, WIL God ons genees. Voordat ons nie die volle

oortuiging het dat dit GOD se WIL is dat ONS GESOND moet wees nie, sal daar altyd twyfel in ons harte hieroor bestaan . Solank twyfel bestaan, sal dit volkome geloof verhinder, en voordat geloof nie ten volle uitgeoefen word nie [= `n geloof sonder twyfel of vrae] kan daar nie genesing plaasvind nie!

Heb 11:6 En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo **dat Hy is en 'n beloner is van die wat** Hom soek.

Jak 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, **is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe** en voortgesweep word.

Jak 1:7 Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie—

Die kerke vir wie Abraham 'n verbondsvader is, ignoreer heeltemal hierdie aller belangrikste aspek i.v.m. GELOOF, nl. die tydsverloop wat dikwels voorkom tussen die belofte en die manifestasie daarvan, wanneer dit by Goddelike Genesing kom!

As iets nie onmiddellik gebeur nie, sê hulle dis nie vir vandag nie! Tog sê Heb. 13:8 vir ons dat Jesus Christus (God) nog nooit verander het nie en tot in ewigheid dieselfde is – daarom behou Hy Sy Ewige Verbond van redding, genesing en voorspoed.

Die Bybel praat van verskillende grade van geloof:

Swak geloof : Rom 4:19 En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie.

Sterk geloof : Rom 4:20 En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee

Groot geloof : Mat 8:10 Toe Jesus dit hoor, het Hy Hom verwonder en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek **so 'n groot geloof** nie gevind nie.

Klein geloof : Luk 12:28 As God dan die gras van die veld wat vandag **daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel meer vir** julle, kleingelowiges!

Toenemende geloof : 2Thes 1:3 Ons moet God altyd oor julle dank, broeders, soos dit billik is, omdat julle geloof grootliks toeneem

en die wederkerige liefde van elkeen van julle almal groter word, Ongeveinsde geloof : 2Tim 1:5 en as ek my herinner die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Lois en in jou moeder Euníce, en wat—daarvan is ek oortuig—ook in jou is.

Dit is dus nie net ‘n geval van om geloof te hê, òf nie. Dit is ‘n geval van op ‘n sekere stadium op ‘n sekere vlak van geloof te wees. Geloof is om onvoorwaardelik te glo dat God sal doen wat Hy in Sy Woord belowe en daarop te reageer, bv. God het die belofte aan Abraham gemaak wat menslik onmoontlik was, tog het Abraham bely dat God dit gesê het en dat dit so sal wees. Jesus het gesê die wat glo sal hande op die siekes lê en hulle sal gesond word. **Daar is ‘n groot verskil tussen “genees wees” en “gesond word”.** Onmiddellike genesing kan plaasvind en is ‘n wonderwerk, **“gesond word” kan ‘n tyd neem en is ‘n Goddelike proses,** maar wanneer die gelowige hande op jou gelê het, volgens die Woord, dan moet jy begin glo dat jy gesond sal word – want God het dit gesê en dit moet jy glo en bely, net soos Abraham dit bely het, nie teenstaande wat die intellek of mense sê.

Jak. 5:15: En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

Ons lees in Mat.7:11 **die woorde van Jesus: ”As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!”**

God se Woord openbaar dat genesing Sy Wil IS, net soos verlossing Sy Wil IS, wanneer ons Sy voorwaardes nakom en Sy beloftes glo. Die geloof wat die manefistatie voortbring berus op die kennis van SY wil! SY wil wat in SY Woord geopenbaar word is die grondslag, die fondasie van ons geloof.

Jak. 1:16 en 17: Moenie dwaal nie, my geliefde broeders. Elke GOEIE gif en elke VOLMAAKTE gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar GEEN VERANDERING of skaduwee van OMKERING is nie.

Die oomblik wanneer mense tenvolle oortuig is, dat dit God se wil IS om te genees en dat dit NIE Sy WIL is dat hulle siek moet wees nie, ontvang hulle feitlik altyd hul genesing wanneer daar vir hulle gebid word, selfs

voor die tyd. Hierdie kennis voorsien 'n grondslag waarop volkome geloof en vertroue in God kan reageer.

Om op God se Woord te vertrou, is om te glo dat Hy dit wat Hy in Sy Woord belowe het sal doen! Dit is waaroor geloof gaan! Met ander woorde, geloof is om te glo dat God sal doen wat Hy gesê het, dat Hy sal doen.

Hier wil ons al die kinders van God dus aanmoedig om die Skrif daagliks te ondersoek en te bestudeer soos die mense van Beréa, in Handeling 17.

Hand 17:11 En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.

Hoe om te glo

Die woord glo is 'n werkwoord. Dis 'n werk - ons moet iets doen. Jak 2:20 Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?

Die vraag is nou, wat moet ons doen?

1. Glo met die hart - maar dit is nie genoeg nie.
2. Bely met die mond - ons moet met die mond bely dit wat ons met die hart glo. As ek met my hart glo dat daar deur SY wonde ook vir my genesing gekom het, moet ek dit met my eie mond bely: "Deur Sy wonde IS EK GENEES."

Rom 10:10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

3. Handel volgens jou geloof - Jesus het dikwels vir die sieke gesê: "staan op, neem jou bed op en loop."

'n Sekere jong dame het aan toring gely en het nog net 'n paar dae gehad om te lewe. Sy was egter 'n teer Christen. Terwyl sy besig was om Bybel te lees kom sy op die volgende af: 1Pet 2:24 "wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe...." Sy maak haar oë toe en bid: "Baie dankie Here Jesus dat U my siel gered het. Ek weet dat ek moet sterwe, maar ek loof en prys U vir die sekerheid wat ek het." Daarna lees sy verder ".....en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genes is." Onmiddellik kry sy 'n openbaring en roep haar moeder: "Mammie, kom gou hier, ek is gesond." Haar moeder wou haar nie seermaak nie

en antwoord taktvol: " Ja my kind, maar jy moet jou maar stil gedra; jy weet wat die dokter gesê het."

Sy laat haar egter nie van koers af bring nie en sê toe: "Glo moeder dat ek 'n kindjie van die Here is?" "Natuurlik my kind, dit weet almal tog immers wat jou ken," antwoord die moeder. "Nouja mammie, dieselfde Bybel, dieselfde skrywer, dieselfde hoofstuk en dieselfde vers wat sê dat HY vir my sonde gesterwe het, sê ook dat ek genees is deur SY wonde. As die eerste waar is, dan is die tweede ook waar. Mammie, BRING MY KLERE." Sy het opgestaan en in twintig dae se tyd vyftien pond in gewig opgetel. Toe die Woord vir haar opgaan, het sy nie gearsel nie, maar dadelik gehandel.

4. Wees beslis - Moet nie nee neem vir 'n antwoord nie. Luk 18:1 En **Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,** Die gevorderde Christen weet en verstaan dat sy geloof beproef moet word, "want die beproewing van julle geloof is kosbaarder as goud" volgens Jak 1:6

Die arm weduwee het aangehou totdat die regter moedeloos geword het en haar gelyk gegee het.

Laat die kranke nie moedeloos word nie en kyk nie angsvallig rond nie, want die HERE is naby. En as jou geloof beproef word, dank God daarvoor, "want die beproewing van julle geloof werk lydsaamheid." Jak 1:3.

God se voorwaardes

KEN GOD SE WOORD! DOEN WAT GOD Sê, en wanneer daar dinge is wat GOD se WOORD verbied, dan mag ons dit nie doen nie. Ons is gewoonlik baie ywerig om die dinge wat die WOORD verbied na te laat, maar dan vergeet ons só maklik van die dinge wat GOD ons wel BEVEEL om te doen. Daarom is dit van die uiterste belang dat ons die WOORD van GOD sal KEN. Dat ons baie duidelik en goed sal weet wat daarin geskryf staan. Dit is deel van die 'kontrak' wat God met ons aangegaan het. As ons al die beloftes en seëninge van die 'kontrak' wil geniet, moet ons verseker ook aan al die vereistes en voorwaardes voldoen.

Deut 28:1 As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies

van die aarde.

Deut 28:2 En al hierdie seëninge [wat goeie gesondheid insluit] sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.

Luk 6:46 En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?

Luk 6:47 Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en dit doen Ek sal julle wys soos wie hy is.

GOD verwag van ons algehele gehoorsaamheid aan SY Woord.

2Kon 18:11 En die koning van Assirië het Israel in ballingskap weggevoer na Assirië en hulle laat bly in Halag en aan die Habor, die rivier van Gosan, en in die stede van Medië;

2Kon 18:12 omdat hulle nie gehoorsaam was aan die stem van die HERE hulle God nie, maar sy verbond oortree het—alles wat Moses, die kneg van die HERE, beveel het—sonder om daarna te luister en te handel.

Hier is 'n duidelike voorbeeld vir ons dat GOD die Israeliete oorgegee het in die hand van hul vyande, as gevolg van ongehoorsaamheid aan die Woord van GOD. Net so neem die duiwel ons soms in ballingskap van siekte as gevolg van ons ongehoorsaamheid aan GOD se Woord.

1Sam 15:22 Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.

1Sam 15:23 Want wederstrewigheid [koppig/opstandig teenoor GOD se Woord] **is 'n sonde van waarsêery**, en eiesinnigheid [koppig - "unteachable"] is afgodery en beelddiens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

2Kron 16:12 En in die nege en dertigste jaar van sy regering het Asa gely aan sy voete; sy siekte was baie ernstig; maar selfs in sy siekte het hy die HERE nie geraadpleeg nie, maar die geneeshere.

Ons kan nie GOD se Woord verwerp, met al sy voorwaardes en vereistes en dan die seëninge, goeie gesondheid en genesing

vir ons kwale verwag nie.

Ons MOET GEHOORSAAM WEES AAN GOD SE WOORD (Deut. 28:114). As ons nie doen wat die skrif sê nie, kan ons nie van God verwag om ons gebede te beantwoord nie.

God gee aan ons beloftes in Sy Woord, en ons moet die voorwaardes nakom, dan sal ons redding, genesing, vrede en voorspoed ontvang.

Okkultiese genesings

Die okkulte voorsien bonatuurlike resultate, daar is iets wesensliks. Selfs Christene het 'n stryd hiermee. Hulle is verbaas en sê omdat dit bonatuurlik is, moet dit van die Here af kom. Daar is twee bronne bonatuurlike ondervindings in hierdie wêreld: die een is God en die ander Satan. Die bonatuurlike krag wat ondervind word, hang van die bron af waarvandaan dit kom. Hoe is dit dan moontlik dat Christene so maklik mislei word om betrokke te raak by okkultiese praktyke en dan daardeur vasgevang word?

In die verlede was toordery, heksery, spiritisme en dergelike dinge in die geheim gedoen en Christene het dit ten alle koste vermy. Nou wil dit voorkom asof hierdie dinge meer aanvaarbaar word.

Dit word aangebied in 'n skynwetenskaplike vorm of 'n skynmediese vorm en weereens word Christene mislei. Dit is die direkte gevolg van die klem wat vandag op **“kennis en geleerdheid”** geplaas word. Enigiets wat wetenskaplik of medies skyn te wees, word 'n **“goue kalf”** en ons buig voor dit neer. Jer. 9:23: So sê die Here: Laat **die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie.....** 1Kor.1:20 en 27: Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie? Maar **wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam.....** Die uiteinde in beide gevalle [skynwetenskaplik of skynmedies] is sataniese bindinge deur vloeke wat oor jou lewe uitgespreek is.

Goddelike Genesing en die Versoening van JESUS

In Jes 53 lees ons dat daar deur SY wonde vir ons genesing gekom het. Hierdie genesing is nie die genesing van die siel nie, maar van die liggaam. Hierdie wonde is nie die wonde van die spykers of van die doringkroon nie. Dit was die wonde van die katshoue wat sy rug oopgekloof het. [Engels - Stripes]

Gewoonlik was die slagoffer nakend uitgetrek, met sy hande hoog teen 'n pilaar vasgemaak. 'n Sterk soldaat het 'n kats (bestaande uit toutjies met stukkie yster en been aan die punte geneem uit 'n bak met pekelwater. Die slagoffer word nou nege-en-dertig houe toegedien, van sy nek tot op sy hakske. Die yster en been dring in die vlees in, maar word weer uitgeruk. So vreeslik was die verinking dat die longe soms sigbaar was. Dink net aan die ontsettende skok en bloedverlies. Dit is die prys wat HY vir ons genesing betaal het, want deur sy wonde (stripes) het daar vir ons genesing gekom. (1Pet 2:24)

Nagmaal

Die twee elemente van die nagmaal bestaan uit die brood en die wyn. Die wyn, simbool van die Bloed, het vir ons sondes betaal. Die Brood, simbool van Sy liggaam, het vir ons siektes betaal. As daar geen onbelyde SONDE toegelaat is om `n houvas in ons lewens te kry nie (deurd dat belydenis van alle sondes daaglik gedoen word, voordat die NAGMAALS ELEMENTE gebruik word), sal geen siekte `n houvas op ons kry nie. Waarom twee elemente en nie net een nie? God het `n doel gehad waarom Hy aan ons twee elemente gegee het wanneer ons Jesus se dood herdenk. Die Bloed het vir al ons geestelike behoeftes betaal, en die Brood het vir ons fisiese behoeftes betaal. Daar was een offer maar twee elemente.

Die rede waarom nagmaal gebruik word, is om die offerdood van Jesus in herinnering te roep, met harte vol dankbaarheid, lof en danksegging. Paulus verduidelik die Nagmaal soos volg:

1Kor 11:23 Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oor-gelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;

1Kor 11:24 en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.

1Kor 11:25 Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.

1Kor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

1Kor 11:27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.

1Kor 11:28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.

1Kor 11:29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en **drink 'n oordeel oor homself**, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

1Kor 11:30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en **'n aantal het ontslaap**.

1Kor 11:31 Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.

1Kor 11:32 Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.

1Kor 11:33 Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar;

1Kor 11:34 en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat **julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël** wanneer ek kom.

Dit is duidelik dat ons die Nagmaal op 'n WAARDIGE wyse moet neem! Wat in werklikheid met die woorde *“waardige manier”* in hierdie konteks bedoel word, is dat jou hart rein voor God moet wees met geen onvergifnis en geen onbelyde sonde wat tussen jou en jou Hemelse Vader kan kom nie.

Hy ver wag dat ons na Hom met oop, gebroke en berouvolle harte moet kom, met alle nederigheid. Dat ons ons behoefte moet erken om alle sonde en onvergifnis deur die KOSBARE BLOED van Jesus te laat reinig, wanneer ons bely en regmaak.

Daarom moet jy elke keer wat jy aan die nagmaal deelneem, seker maak dat jou hart jou nie veroordeel nie. Jou saak moet reg wees met God en jou medemens, anders sal jy op onwaardige wyse eet en drink, wat God se oordeel oor jouself sal bring.

As daar nie aan sonde vasgehou word nie, maar onmiddellik en deeglik daarmee gedeel word deur middel van belydenis en berou, sal die duiwel geen vastrapplek hê nie.

As die Here jou in hierdie oomblik oortuig van onvergewensgesindheid in jou hart, bely dit voor Hom en vra Hom om jou te vergewe.

Hier volg `n gebed wat jy kan bid:

Dierbare Hemelse Vader, ek weet dat ek `n groot wrok, miskien selfs haat, in my hart koester teenoor Ek noem dit nou by die naam; dat dit sonde is. Reinig my asseblief van hierdie wrok deur U Bloed. In algehele oorgawe kies ek nou om te vergewe, of hy/sy dit nou verdien of nie. U het my vergewe toe ek dit nie verdien het nie en daarom vergewe ek selfs al verdien hy/sy dit nie om vergewe te word nie. Hemelse Vader, ek vra dat U genade U liefde vir in my hart sal uitstort, want my liefde skiet ver tekort. U het my in U Woord beloof dat U enigiets wat ek vra, sal doen. Ek het gevra dat U hierdie wrok uit my hart verwyder en U het dit gedoen. Ek het u gevra om my U liefde vir te skenk en daarom het ek nou lief met U liefde, in Jesus se Naam.

AMEN

1 Pet 3:7 Net so moet julle, manne, verstandig met hulle (vroue) saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.

Jak 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word (Bely dus u onvergewensgesindheid)

GEBEDSVERHORING

1. Ons moet in die regte verhouding tot God staan d.m.v. Jesus Christus (1 Kor. 1:30) dan kan ons met vrymoedigheid na God gaan met ons dank en versoeke en lof.
1Kor 1:30 Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.
2. Die tweede stap i.v.m. gebedsverhoring is om God te vra vir wat jy wil hê volgens God se beloftes en dan te glo dat hy dit gedoen het. Die Here weet mos wat ons verlang, maar Hy het nogtans gesê dat ons moet vra. Die Bybel sê: Jul Vader weet wat julle nodig het (Matt. 6:8). **Maar dan sê Hy ook dat ons Hom daarvoor moet nader en dit voor Hom lê.** Om aan te voer dat jy alles maar aan God oorlaat, want jy weet Hy sal net die beste laat gebeur, is eintlik onskriftuurlik. Jesus het gesê: Bid, en vir julle sal gegee word, soek en julle sal vind, klop en vir julle sal oopgemaak word. Matt. 7:78.
3. Die derde stap in gebedsverhoring is om elkeen van jou gedagtes en jou begeertes so in te stel dat hulle bevestig wat jy gevra het. Moet nie

vir 'n oomblik 'n prentjie van mislukking in jou gedagtes vertroetel nie. Bestraf elke gedagte van twyfel. Stel jou gemoed in op die antwoord.

Jak. 4:7: Onderwerp julle dan aan God; Weerstaan die duiwel en hy sal van julle wegvlug. (Let ook op die voorwaarde. "Onderwerp jou aan God.")

1 Pet. 5:8: Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

Twyfel is van satan: weerstaan hom. Verdryf elke beeld, voorstel, visie, droom, indruk, gevoel en alle gedagtes wat nie opbouend is vir jou geloof wat glo dat jy sal ontvang wat jy vra nie.

2Kor 5:7 Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie.

Die Kontras

In Joh 10:10 beskryf die Woord die duiwel as 'n dief.

Joh 10:10: Die dief (die duiwel) kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek (Jesus) het gekom dat hulle LEWE en OORVLOED kan hê.

Hand. 10:38: met betrekking tot Jesus van Nasaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, GOED GEDOEN en ALMAL GENEES wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.

Bind en Ontbind

Matt. 16:19: En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind sal in die hemele gebonde wees en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemele ontbonde wees.

Jy kan ook so Satan se magte bind wat inwerk om jou finansies te steel en te verhoed dat jy en jou gesin genoeg het om gerieflik te lewe. Jy kan so Satan se magte bind wat inwerk om jou geliefdes te verslaaf aan alkohol of enige ander aftakelende gewoonte.

Hou altyd in gedagte dat God se Wil vir jou lewe, as Sy Kind, opgeteken is in die Bybel. As jy dus in Sy Gebooie wandel waarvan die belang-

rikste liefde vir God en vir jou medemens is. (Matt. 22:34-40) is dit God se Wil dat jy gesond sal wees, dat jy sielsvrede sal hê, dat jy lewe en oorfloed sal hê, dat jou huwelik en jou beroep geseënd sal wees. Die Skrif sê: **die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy** kan verslind (1 Pet. 5:8) Hy stuur sy magte uit om in te werk op jou om ongeluk te veroorsaak. Maar deur hierdie magte te bind in Jesus se Naam, beperk en vernietig jy daardie werkinge.

Matt. 18:19: Weer sê ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Laat ons nie enige beperkings op hierdie woorde plaas nie, laat ons Jesus op Sy Woord neem: al vereistes hier is dat daar twee gelowige persone moet wees en hulle moet op die aarde wees en hulle moet saamstem en God sal getrou wees. Die gebed moet in lyn wees met God se Woord en Sy beloftes: Dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Jesus sê in Joh. 14:14 dat as ons iets in Sy Naam vra, SAL Hy dit doen.

1 Joh. 5:14: En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy Wil (Woord).

GEBED:

Ons Hemelse Vader, in hierdie oomblik staan ons voor U in die mees voortreflike Naam, die Naam van Jesus. U het vir ons die mag gegee om te bind en te ontbind op die aarde, sodat dit ook so sal wees in die hemel. Daarom wil ons nou Satan en sy engele se inwerkinge op ons gesondheid, ons huishoudings, ons kinders, ons huwelike, ons finansies, ons beroepe en selfs oor ons land en ons regering, bind in Jesus se Naam, en ons wil vrede en liefde en wysheid en voorspoed en goedheid ontbind sodat dit met ons en met ons kinders goed mag gaan, en ons in hierdie mooi land **'n vreedsame bestaan kan voer en ons daarop kan toespits om God** gedurig te verheerlik in ons dagtaak en in ons persoonlike lewens. Baie dankie vir hierdie voorreg om te mag bid volgens die voorskrifte in U Woord.
Amen.

GOD noem siekte Gevangenskap

Job 42:10 En die HERE het die lot [KJV=captivity] van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het; en die HERE het Job se besittings vermeerder tot dubbel soveel as voorheen.

Wie se werk was hierdie 'gevangenskap'?

Job 2:7 En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE, en hy het Job met bese swere getref, van sy voetsool tot sy skedel.

JESUS noem siekte Gebondenheid

Luk 13:16 **Maar hierdie vrou wat 'n dogter van Abraham is**, wat die Satan—dink daaraan! —agttien jaar lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die sabbatdag verlos word nie?

Jesus sê satan het haar *gebind*. Hy het nie eenkeer eers gesinspeel dat Sy liefdevolle Vader, in 'n poging om haar te louter tot fyn goud, haar gebind het nie. GOD BIND NIE MENSE NIE Hy maak hulle *vry!*

Jes 58:6 Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek?

Die Heilige Gees sê 'n siek mens is in die mag van satan.

Hand 10:38 met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deur-gegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.

Ons redding, ons verlossing en ons vrymaking van al die werke van satan is reeds verkry deur Christus op Golgota. Toe Hy die woorde uitgeroep het: DIT IS VOLBRING, was dit asof Hy die oorwinnaarsvlag gehys het oor die bevryde land waar die stryd gevoer was, waar die vyand oorwin was en gedwing was om oor te gee. Christus, *die bewerker van ons saligheid en die Leidsman en Voleinder van ons geloof* (Heb 2:10, 12:2) het na hierdie wêreld toe gekom, ons vyand (satan) oorwin, hom sy gesag ontnem, ons pyne en neerlae verwyder, en opgestaan uit die graf, triomferend oor die duiwel. Dit is volbring!

Nou is ons vrygemaak uit die hand van die verdrukker. Liggaam, siel en gees. ONS IS VRY!

1Kor 6:20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

DIE ONWETTIGE STRYD

Waarom is daar dan steeds so baie Christene siek en vol kwale? Alhoewel ons eiendom wettiglik vrygemaak is van die vyand; alhoewel satan se era vernietig is deur Christus, alhoewel satan se mag oor ons lewens van hom **afgeneem is, bly daar nog 'n leërskare van demone oor wat voortgaan om** ons vooruitgang te weerstaan en ons oorwinning te haat.

Duisende mense weet nie dat die sataniese magte geen wettige reg en toegang het tot die lewe van **'n wedergebore kind van die Here** nie. Behalwe die reg wat ons toelaat deur ongehoorsaamheid. Alles kom neer op gehoorsaamheid van God se opdragte (Gebooie).

Solank as mense nie bewus is van satan se WETTIGE NEERLAAG en GOD se opdragte nie, gaan satan ONGEHINDERD voort om ons te teister met siekte en ellende.

Maar ons moet dit ons besigheid maak om God se Woord TE LEES en TE KEN en lees waar dit aangeteken is hoe satan heeltemal oorwin was. Dan kan ons die duiwel weerstaan, standvastig in ons geloof wees, en hy sal van ons af weg vlug (Jak 4:7, 1 Pet 5:9). Ons kan ook soos **JESUS sê "daar staan geskrywe."**

Daar word binne die Kerk voorsiening gemaak vir genesing.

Gelowiges word gemaan om vir mekaar te bid. God is nog steeds Jehova Rafa = Die HERE wat jou gesondmaak.

Mark 16:18 Op siekes sal hulle die hande lê en hulle sal gesond word.
Jak 5:14 Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het.
Jak 5:15 En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

Genesing is 'n gawe van die Heilige Gees:

1Kor 12:9 **aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees;**

1Kor 12:28 En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte,

daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale.

Bied weerstand

Ons moet satan weerstaan dan sal hy van ons af weg vlug! [Dit was 'n opdrag aan CHRISTENE!]

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Ons het die vermoë om satan suksesvol te weerstaan, want die Here sê: 1Kor 10:13 **Geen versoeking het julle aangryp behalwe 'n menslike nie;** maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.

En die aanvalle, versoekings van satan het die “goeie” gevolge dat dit jou geestelik laat groei en versterk soos jy vasstaan en oorwin. Geen geestelike weerbaarheid word opgebou as ons lewenspad net sonskyn is nie – nee, dis wanneer die beproewings [versoekings] ons pad langs kom en ons kan staan in oorwinning tot die Naam van Jesus, wat ons geestelike spiere gebrei word. DAN vermeerder jou vertrouwe in die Here! Luister hoe word ons aangemoedig in Pet 1: 6 – 7 Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan, maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus.

Jesus het 3 dinge in ons plek gedra

Ons krankhede, ons smarte en ons sondes.

Jes 53:4 Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Amplified Bible "and with the stripes [that wounded] Him we are healed and made whole."

Amplified Bible: Mat 8:17 "And thus He fulfilled what was spoken by

the prophet Isaiah, He Himself took [8] in order to carry away] our weaknesses and infirmities and bore [9] away our diseases. (3) "

1Pet 2:24 wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genes is.

God se WOORD gee 2 dinge aan SY kinders

Lewe en genesing vir hulle hele liggaam.

Spr 4:20 My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde,

Spr 4:21 laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart.

Spr 4:22 Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en **‘n genesing** vir hulle hele liggaam.

Hierdie 'medikasie' van God se woord werk deur die ore, die oë en die hart.

Die proses van genesing

Solank as daardie 'lewe', die gees *van krankheid*, in die liggaam bestaan, groei en lewe die siekte en gaan dit voort om sy vernietigende werk te doen. Maar sodra die bese gees, die bese lewe, of *gees van swakheid* uitgedryf is uit die liggaam in die Naam van JESUS, sterf daardie siekte of groeisels. Dit sal vergaan en die liggaam verlaat. Dis die proses van *genesing*.

In Lukas 13 vind ons Jesus besig om te onderrig in die sinagoge. Daar was **‘n vroujie wat kromgetrek was en sy kon nie regop kom nie. Die Bybel sê sy het ‘n gees van krankheid gehad** (vers 11)

Hulle het toe ‘n man wat in die mag van die duiwel was na

Jesus toe gebring. Die man was blind en stom (Matt. 12:22). Toe Jesus die duiwel uitgedryf het kon die man sien en praat.

‘n Demoon van blindheid het die gebrek in daardie man veroorsaak. Satan veroorsaak vandag nog blindheid vir baie mense. Die mense het **‘n man na Hom toe gebring wat stom was omdat hy in die mag van ‘n duiwel was.** Nadat die duiwel uitgedryf is, het die stom man begin praat. (Matt. 9:32 & 33)

In hierdie geval was stomheid veroorsaak deur ‘n demoon van stom-

heid. *Die bron van stomheid is vandag nog demonies.* Mar 9:25
En toe Jesus sien dat 'n skare bymekaar stroom, het Hy die onreine gees bestraf en vir hom gesê: Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou, gaan uit hom uit en kom nooit weer in hom nie.

Petrus se skoonmoeder het 'n hewige koors gehad. Hy (Jesus) het by die koppenent van die bed gaan staan en die koors bestraf. Dit het haar verlaat (Luk. 4:39) Jy kan nie iets bestraf wat nie jou woorde verstaan nie. **Jy kan slegs 'n persoonlikheid bestraf.** Jesus het besef dat satan besig was in hierdie vrou se liggaam om die *koors* te veroorsaak.

Daar was ook mense wat nie genees was nie, as gevolg van sonde, ongehoorsaamheid of gebrek aan kennis. (2Kron 21:14-15 & 18-19)
"Die goddelose Joram, die koning van Juda" Die Here tas ingewande aan"

As ons nou weer kyk na Jesus se instruksies in Mark. 16 vanaf vers 15, sal ons sien dat Hy eers noem dat die gelowige die duiwel sal uitdryf en dan hande op die siekes lê en hulle sal gesond word alles in die Naam van Jesus. Wanneer ons vir siekes bid moet ons presies doen soos Jesus gesê het: ons dryf die duiwel uit, dan lê ons, ons hande op die sieke en God genees hulle! As ons tog maar net **ALTYD JESUS SE INSTRUKSIES VOLG**, sal ons **ALTYD SUKSESVOL WEES**, maar gewoonlik doen ons liever dinge soos **ONS REG DINK**, daarom is ons so dikwels onsuksesvol!

Aangesien **SIEKTE VAN DIE DUIWEL AF IS**, is elke vorm van verligting **'n seën, of dit nou die vurige gebed van die gelowige is, of die gawe van die genesing is, of die mediese wetenskap** God is die Gewer daarvan omdat Hy die mens liefhet. **Selfs vrees is 'n demoniese mag of gees, want God sê Hy het ons nie 'n gees van vrees gegee nie, maar van krag, en liefde en selfbeheersing.** (2 Tim. 1:7)

Sonde en Siekte

Let op die voorval by die bad van Betesda waar Jesus 'n man genees het wat agt – en – dertig jaar siek was. [Joh. 5] in vers 14 sê die Here Jesus: Kyk, jy het gesond geword; moenie meer sondig nie, sodat daar **nie iets ergers gebeur nie...** Weereens word siekte en sonde [die slegte, bose] in verband met mekaar gebring. Dit is ook waar dat mense graag na uiterlike en growwe sonde wys en daarmee breek, maar wat van die *klein jakkalsies* wat in die hart wegkruip, nie mee gedeel

word nie, en tog ook dieselfde gevolge het en veroorsaak dat die bose die reg het om siekte of ander ellende oor ons te bring. Ek noem 'n paar van hierdie *klein jakkalsies*: onvergifnis, bitterheid, gierigheid, naywer, vrees, humeurigheid, steel, leuens [selfs die wit leuentjies!] foutvindery, kwaadpraat en skinder, tradisie, en al die vele misleiding en korrupsie wat politieke betrokkenheid bring. Onthou, satan loop rond soos 'n brullende leeu en hy SOEK 'n opening – selfs die kleinste openingtjie is vir hom groot genoeg! Geen wonder God moedig ons aan om *heilig* te lewe nie, want Hy weet hoe belangrik dit is, want dit strek net tot ons eie voordeel!

En dan sê die Psalmis so pragtig in Psa 119:11 Ek het U WOORD in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie. Daarom is dit so belangrik om die WOORD VAN GOD TE KEN, sodat ons dit in ons harte kan bêre.

Nadat Israel die HERE vertoorn het met hul sonde het HY die volgende gesê:

Deut 32:23 Ek sal onheile op hulle ophoop; my pyle sal Ek op hulle wegsiet.

Deut 32:24 As hulle uitgeput is van honger en verteer deur koorsgloed en dodelike siekte, sal Ek die tand van wilde diere teen hulle loslaat met die gif van stofkruipers.

SONDE BRING STRAF- SIEKTE !!!

2Kron 21:5 Twee en dertig jaar was Joram oud toe hy koning geword het, en hy was agt jaar lank koning in Jerusalem.

2Kron 21:6 En hy het in die weg van die konings van Israel gewandel soos die huis van Agab gedoen het, want hy het die dogter van Agab as vrou gehad en het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE.

Koning Joram wou ook nie die HERE dien nie. Hy het in die goddelose weë van koning Agab volgehou. In 2 Kron 21:18 &19 lees ons:

2Kron 21:18 En ná dit alles het die HERE hom in sy ingewande **aangetas met 'n siekte waar geen genesing voor was nie.**

2Kron 21:19 En ná enige tyd, naamlik teen die einde van die tweede jaar, het sy ingewande by sy siekte uitgekom, sodat hy onder hewige pyn gesterf het; en sy volk het vir hom geen wierookbrand gemaak soos die brand vir sy vaders nie.

Deut 28:21 Die HERE sal maak dat die pes jou aankleef totdat Hy jou

vernietig uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.
Deut 28:22 Die HERE sal jou swaar tref met tering en koors en vurige koors en ontsteking en droogte en brandkoring en heuningdou; en hulle sal jou vervolg totdat jy omkom.
Deut 28:27 Die HERE sal jou swaar tref met swere van Egipte en met geswelle en skurfte en uitslag waarvan jy nie kan gesond word nie.
Deut 28:35 Die HERE sal jou tref met bese swere aan die knieë en aan die bene—waarvan jy nie gesond kan word nie—van jou voetsool tot jou skedel.

Sonde bring straf !! Sonde bring siekte !! ONS BEWEER NIE HIER-MEE DAT ALLE SIEKTE AS GEVOLG VAN SONDE IS NIE. GLAD NIE! Daar is gevalle waar sommige dierbare kinders van die HERE jare aan siekte ly as gevolg van beproewing.

Tugtiging

Sommige mense ontken dat krankheid 'n tugtiging kan wees. Dit word egter in albei Testamente op baie maniere bevestig. Die beste plek vir tugtiging bly nog maar die liggaam nie waar nie, al is daar ook ander maniere. Israel dwaal van die HERE af en GOD stuur slange om hulle te byt. Dawid word nader aan die HERE getrek deur die siekte en dood van sy kind.

In Luk 12:58-59 lees ons: "Want terwyl jy met jou teëstander na die owerheid gaan, doen moeite op die pad om van hom los te kom; sodat hy jou nie miskien voor die regter sleep en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en die geregsdienaar jou in die gevangenis werp nie."
"Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy ook die laaste oortjie betaal het nie."

Hierdie Skrif wys nie op die ewige oordeel nie, maar wel op tugtiging - tot jy die laaste oortjie betaal het. Dit is soos 'n termyn in die tronk - jy moet jou vonnis uitdien. Hoe dikwels het ons nie al sulke gevalle raakgehoop nie? Mense bly siek vir maande, en soms vir jare, en dan ewe skielik word hulle gesond. Die laaste oortjie is betaal.

Job 33:19 Ook word hy getugtig met smart op sy bed en aanhoudende stryd in sy gebeente,
Job 33:20 sodat sy lewe hom laat walg van brood en sy siel van lief-lingspys.

Job 33:21 Sy vlees verdwyn, weg uit die gesig; en sy gebeente, wat onsigbaar was, steek uit.

Job 33:22 Ja, sy siel kom nader by die kuil en sy lewe by die dodende magte.

Hier praat Job ook baie duidelik van 'liggaamlike' tugtiging [siekte]. Smart op sy bed, stryd in sy gebeente, wat kan dit anders as siekte wees. Hy word maer en uitgeteer as gevolg daarvan. Hy word BAIE siek. Maar as ons verder lees, sien ons dat die Here hom weer genadig is en hom aanraak en gesondmaak.

Daar is egter 'n tugtiging tot die dood toe.

1Joh 5:16 **As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee—vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.**

1Joh 5:17 **Alle ongeregtigheid is sonde, en daar is 'n sonde wat nie tot die dood is nie.**

As daar sonde is wat nie tot die dood is nie, moet daar ook sonde wees wat tot die dood is. Die sonde tot die dood is 'n sonde wat aanleiding tot die afsterwe van die liggaam gee, maar die siel kan nog gered word.

Hieronder volg 'n paar voorbeelde uit die Skrif.

1. In 2 Sam 12:1-23 lees ons die geskiedenis van Dawid en BÁT-seba. Hy pleeg owerspelspel met haar, sy raak swanger en hy laat haar man vermoor. Die HERE besluit om hom te straf deur sy kind weg te neem deur die dood.
2. Die tweede voorbeeld is Ananías en Saffira in Hand 5:1-11. Hierdie egpaar het 'n stuk grond verkoop, van die geld terug gehou en die res vir die apostels gegee terwyl hulle voorgee dat dit die volle verkoopsom is. Hand 5:3 Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou?
Hand 5:4 As dit nie verkoop was nie, het dit nie jou gebly nie? En toe dit verkoop is, was dit nie in jou mag nie? Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God. In hierdie geval het die man en later die vrou ook

neergeval en gesterwe.

3. Die derde voorbeeld is die man wat die vrou van sy vader gehad het en ons lees daarvan in 1Kor 5:1-5. Hy het bloedskande gepleeg. 1Kor 5:5 om so iemand aan die Satan oor te lewer tot verderf van die vlees, sodat die gees gered kan word in die dag van die Here Jesus.

Paulus konstateer hier dat die gees van hierdie man gered sal word in die dag van die HERE JESUS.

4. Ook in die geval van Moses sien ons dat hy moes sterf voordat hy die beloofde land bereik het. Moses se sonde was ONGEOHOORSAAMHEID [Num 20]. GOD sê vir hom om met die rots te praat, maar hy slaan die rots, min wetende dat hierdie rots vooruit wys na JESUS CHRISTUS die ROTS waaruit die lewende water sou vloei. Moses se ongehoorsaamheid was opgeteken in die boeke van die hemel. En Satan sou nooit toelaat dat dit vergeet word nie. Daarom word Moses na die berg ontbied, deur die HERE geoordeel en getugtig, sodat hy nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.

Nou kan ons beter verstaan waarom diep kinders van die Here soms so bitter moet ly, veral aan die einde van hulle dae. Onkundiges sal verwyte rondslinger. Waar is die krag van gebed, waar is die gawes? Maar in 'n geval van tugtiging tot die dood toe help geen gebed nie. Die 'ongehoorsaamheid' word gestraf, sodat die siel gered kan word van die ewige hel.

In hierdie verband het ons 'n baie belangrike Skrif in 1 Pet 4:17 Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?

In die hiernamaals is daar geen oordeel meer vir die kind van die HERE nie. Waarom moet ons dan langs hierdie moeilike pad die hemel ingaan? Is dit nie baie makliker om in die senter van GOD se wil te bly nie? Die Skrif gee vir ons die beste raad.

Luk 12:58 Want terwyl jy met jou teëstander na die owerheid gaan, (as jy sonde gedoen het) doen moeite op die pad om van hom los te kom; (bely jou sonde en laat staan dit - vra GOD om vergifnis) sodat hy jou nie miskien voor die regter sleep en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en die geregsdienaar jou in die gevan-

genis werp nie.

GOD is 'n GOD van liefde, maar ook'n GOD van geregtigheid.

Hoe om jou genesing te behou

Ons hoor dikwels van mense wat vir hulle laat bid het en dan oënskynlik gesond geword het, maar dit blyk gou dat die genesing net tydelik was. Soms word daar selfs onverantwoordelike dinge gesê van die persoon wat gebid het, asook van goddelike genesing in die algemeen.

Ondervinding leer dat die geloof van die bidder gewoonlik voldoende is om die kranke gees uit te dryf. Pyne sal verdwyn en skynbaar is die persoon gesond. Die diens is verby en almal gaan huistoe. Die ou vyand kom ongelukkig weer terug om ingang te soek. As die persoon nie die nodige kennis of die geloof het om die duiwel te weerstaan nie, dan is daar moeilikheid. Die Skrif sê: Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Jou hele lewe moet onderworpe aan GOD wees, dan het jy die wettige reg om die duiwel te weerstaan en dan MOET hy vlug. Die Skrif gee hom geen keuse nie.

Dit is dan ook waarom die prediking van die Woord so belangrik is wanneer daar vir siekes gebid word. Daarom MOET daar eers uit die Woord met die kranke persoon gedeel word voordat daar vir hom gebid word, sodat hy 'n vaste fondament kan hê om op te staan. Die kranke moet geleer word om sy oë op JESUS te vestig en nie die bidder nie. JESUS is altyd by hom, nie die bidder nie.

Dikwels ontvang die kranke genesing terwyl die Woord gespreek word. Dit is dan 'n blywende genesing.

Kol 3:16 Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here. Dan is dit maklik om die vyand te weerstaan en te sê: "Daar staan geskrywe!"

Maar wanneer die vyand terugkeer: Mat 12:44 Dan sê hy: Ek sal teruggaan na my huis waar ek uitgegaan het. En hy kom en vind dit leeg, uitgeveeg en versier.

Mat 12:45 Dan gaan hy en neem sewe ander geeste slegter as hy

self met hom saam, en hulle kom in en woon daar; en die laaste van daardie mens word erger as die eerste. (Nou is hulle agt !!!)

Weerstaan dus die duiwel en bely jou genesing op grond van die Woord van GOD.

Die Finale Siekte

2Kon 13:14 En toe Elísa siek was aan die siekte waaraan hy sou sterwe, het Joas, die koning van Israel, afgekóm na hom en oor hom geween en gesê: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters!

'n Teer kind van God soos Elísa was siek aan die siekte waaraan hy sou sterwe. Een of ander tyd moet almal van ons sterwe en ons het dan ook in Afrikaans 'n spreekwoord wat sê: Die dood moet 'n oorsaak hê! [En ons is bewus daarvan dat dit meer dikwels in 'n ander konsep gebruik word.] So is daar ook in die kinders van GOD se lewe siekte wat die dood veroorsaak, sonder dat dit 'n STRAF van GOD is. Dit is bloot ons tyd om te 'verhuis'.

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel.

Fil 1:21 Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.

Vers 23 (b) : ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste.

2Kor 5:1 Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons **'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.**

2Kor 5:10 Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad = Gr is PHALOS "WAARDELOOS"

1 Kor 3:14 As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang;

1Kor 3:15 as iemand se werk verbrand word, "WAARDELOOS" sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen.

AMEN AMEN AMEN !!!!!!!!!

WONDERWERKE VAN JESUS				
	Mattheus	Markus	Lukas	Johannes
Geneesing van liggaamlike en geestelike kwale.				
Melaatse	8: 2-3	1: 40-42	5: 12-13	
Hoofman oor honderd se kneg	8: 5-13		7: 1-10	
Petrus se skoonmoeder	8: 14-15	1: 30-31	4: 38-39	
Twee Gadareners	8:28-34	5:1-15	8: 27-35	
Verlamde man	9: 2-7	2: 3-12	5:18-25	
Vrou met bloedvloeiing	9:20-22	5:25-29	8:43-48	
Twee blindes	9:27-31			
Stom duiwelbesetene	9:32-33			
Man met verdorde hand	12:10-13	3:1-5	6:6-10	
Duiwelbesetene, blind en stom	12:22		11:14	
Dogter van 'n Kanaänitiese vrou	15:21-28	7:24-30		
Seun wat maansiek was	17:14-18	9:17-29	9:38-43	
Bartimeüs en 'n ander blinde man	20:29-34	10:46-52	18:35-43	
Doofstomme		7:31-37		
Man in sinagoge met 'n onreine gees		1:23-26	4:33-35	
Blinde man van Betsaida		8:22-26		
Inmekaar getrekte vrou			13:11-13	
Man met watersug			14:1-4	
Tien melaatses			17:11-19	
Malchus se oor			22:50-51	
Seun van koninklike beampte in Kapernaüm				4:46-54
Siek man by Betesda				5:1-9
Man wat blind gebore is				9:1-41

Bronnelys:

Past JH Labuschagne - Goddelike Genesing.

Dr James van Zyl - Litteratuur oor genesing

Dr Lemmer du Plessis - Die Wederkoms van Christus

Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die hemel en die hel **is daar 'n kloof**—die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Tussen die hemel en **die aarde is daar ook 'n kloof**—die kloof van tyd. Hierdie kloof is egter oorbrugbaar deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12 –.....**maak jou klaar om jou God te ontmoet,.. “MARANATA=JESUS KOM SPOEDIG TERUG !**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

Tel/Fax (044) 696-5891
E-pos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

